**Sondag 21 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 12:27-50 | Fokusgedeelte: Johannes 12:49, 50 |
| --- | --- |

**Jesus roep ons tot geloof, die weg tot die ewige lewe, Hy roep jou tot gehoorsaamheid**

Hierdie moes ’n ongelooflike aanskouing gewees het. Jesus is met sy intog in Jerusalem ontmoet deur baie Jode en selfs Grieke wat Hom wou sien en hoor hoe Hy praat. Jesus se uur van verheerliking het ook nadergekom en ons kan aanvaar dat Hy in sy menslikheid benoud en ontsteld was – en hier staan Hy in die midde van die skare. Wat doen Hy? Hy roep in die hemel met ’n gebed: “Vader, verheerlik u Naam!” En die Here antwoord Hom: “Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.”

Wat kenmerklik is, is dat Jesus die skare antwoord en sê dat die Here geantwoord het, nie om sy ontwil nie, maar om die skare se ontwil. Hier waar Jesus se kruisiging voor Hom lê, is Hy nie bekommerd oor Homself nie, maar oor die mense. Die skare het nie ten volle geglo wat Jesus kom doen het nie; daar is Jode wat in Hom geglo het, maar wat as gevolg van die Fariseërs dit nie bely het nie. Christus is hier omring met mense wat wil glo, maar volgens hulle wil, hulle volhard nie in die geloof waartoe Jesus hulle roep nie.

Dan bevestig Hy dat die stem wat hulle gehoor het, deur Hom praat. Hy en die Vader is een! Die Vader het sy Naam verheerlik met die koms van sy Seun, deur sy Seun het Hy sy kinders geleer Wie Hy is, deur sy Seun het Hy sy liefde en genade aan die mensdom geopenbaar. En deur sy Seun roep Hy ons op tot die ewige lewe!

Daarom gee die Here ons die opdrag om te volhard in die geloof, omdat dit tot ons voordeel is. Om by die skole en by die werk en in jou gemeenskap jou geloof uit te leef. Om deur die voorbeeld en offer van sy Seun sy Naam te verheerlik. Moenie ’n “halfhartige gelowige” wees nie, Jesus roep ons op om daagliks te volhard in die genade wat Hy aan ons geopenbaar het.

*Sing: Psalm 119-1:11, 12*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*